



Subject: Grade 9 Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Topic: EBW: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

Total: 45 Marks

Name: _____

Date: _____

This image refers to question: 1

Proefbalans:	Debiet	Krediet
Balansstaatrekeninge-afdeling:		
Toerusting	100 000,00	
Kapitaal		50 000,00
Voertuie	20 500,00	
Bank		120 000,00
Geboue	?	
Nominale rekeninge-afdeling:		
Huurinkomste	6 000,00	4 000,00
Elektrisiteit	4 000,00	
Skryfbehoeftes	4 000,00	
Koste van verkope	2 500,00	
Verkope		81 000,00

Question 1: True/False

2 marks

Indien ons die aangehegte proefbalans bestudeer, kan ons bepaal dat die ontbrekende **Geboue**-bedrag 118 000 is.

TRUE

FALSE



This image refers to question: 2

<u>Proefbalans:</u>	<u>Debiet</u>	<u>Krediet</u>
Balansstaatrekeninge-afdeling:		
Toerusting	100 000	
Kapitaal		?
Voertuie	20 500	
Bank		120 000
Geboue	118 000	
Nominale rekeninge-afdeling:		
Huurinkomste	6 000	4 000
Elektrisiteit	4 000	
Skryfbehoeftes	4 000	
Koste van verkope	2 500	
Verkope		81 000
	255 000	

Question 2: True/False


2 marks

Deur die aangehegte proefbalans te bestudeer, kan ons bepaal dat die ontbrekende Kapitaalbedrag 51 000 is.

TRUE

FALSE

This image refers to question: 3, 4, 5, 6



Question 3: Multiple Choice

4 marks

Bestudeer die skets van 'n ekonomiese kringloopmodel in 'n geslote ekonomie noukeurig.

Verskaf die korrekte etiket vir **E**.

- | | |
|----------|-------------------------------------|
| A | Huishouding verskaf dienste |
| B | Huishouding koop goedere en dienste |
| C | Inkomste van lone |
| D | Goedere en dienste |

Question 4: Multiple Choice

4 marks

Bestudeer die skets van 'n ekonomiese kringloopmodel in 'n geslote ekonomie noukeurig.

Verskaf die korrekte etiket vir **C**.

- | | |
|----------|--|
| A | Huishoudings verskaf produksiefaktore |
| B | Huishoudings koop goedere en dienste |
| C | Huishoudings betaal belasting aan die regering |
| D | Firma |

Question 5: Multiple Choice

4 marks

Bestudeer die skets van 'n ekonomiese kringloopmodel in 'n geslote ekonomie noukeurig.

Verskaf die korrekte etiket vir **B**.

- | | |
|----------|----------------|
| A | Besigheid |
| B | Belastingfirma |
| C | Verbruikers |
| D | Arbeidsmark |
-

Question 6: Multiple Choice

4 marks

Bestudeer die skets van 'n ekonomiese kringloopmodel in 'n geslote ekonomie noukeurig.

Verskaf die korrekte etiket vir **D**.

- | | |
|----------|---------------------------------------|
| A | Huishoudings verskaf produksiefaktore |
| B | Huishoudings koop goedere en dienste |
| C | Huishoudings kies produkte |
| D | Huishoudings koop goedere |
-

This image refers to question: 7, 8

Kontantbetalingsjoernaal van Chuky-winkels

Dok	Beskrywing	Bank	Toerusting	Lone	Diverse rekeninge	
OTM	Kontant	2 900		2 900		
OTM	Kontant	2 900			2 900	Onttrekkings
?	Oordrag na spaarrek.	12 000			12 000	Spaarrekening

A
B

Question 7: Text Input

3 marks

Die eienaar van die winkel het 'n OTM-onttrekking gedoen om lone vir die week te betaal: R2 900.

Bestudeer die aangehegte KBJ en bepaal of opsie A of opsie B die **korrekte** manier is om transaksie die aan te teken.

Tik slegs **A** of **B**.

Question 8: Text Input

3 marks

Die eienaar van Chuky-winkels het R12 000 van die huidige bankrekening na die besigheid se spaarrekening oorgeplaas.

Bestudeer die aangehegte KBJ en gee die brondokument wat vir hierdie transaksie gebruik sal word.

Tik slegs die **AFKORTING** van die brondokument, in **hoofletters**.

Question 9: True/False
Transaksie:

2 marks

Kontantverkope van voorraad: R3 250. Winsopslagpersentasie van 25%.

Ons sal die betrokke transaksie as volg in die Grootboek aanteken:

- Bank Dt R2 600
- Verkope Kt R2 600
- Voorraad Kt R3 250
- Koste van verkope Dt R3 250

TRUE

FALSE

Question 10: True/False
Transaksie:

2 marks

Kredietverkope van handelsware aan C. Prinsloo, R888, na 4% afslag.

Die volgende dag het C. Prinsloo van die goedere, met 'n waarde van R144, teruggestuur. Dit was die verkoopprijs na afslag.

Ons sal die terugsending-transaksie as volg in die Grootboek aanteken:

- Voorraad Kt R120
- Koste van verkope Dt R120
- Debiteurekontrole Kt R144
- Debiteure-afslag Dt R144

TRUE

FALSE

This image refers to question: 11

Kontantontvangstejoernaal van Chuky-winkels

Dok	Beskrywing	Ontleding van ontvangste	Bank	Debiteure-kontrole	Verkope	Koste van verkope	Diverse rekeninge
DKw 97	H. Nel	72 000	72 000	?	?	?	?
KRR	Verkope	88 200	88 200		88 200	a	
KRR	Verkope	xxx	xxx		b	29 500	
KRR	Verkope en B. Fourie	xxx	c	13 000	79 772	56 980	

Question 11: Text Input

3 marks

Bestudeer die aangehegte KOJ noukeurig, en bepaal die waarde van "c".

Tik slegs die **waarde**, sonder enige eenhede.

Question 12: Multiple Choice

4 marks

Voorbeelde van openbare dienste wat deur die regering aan huishoudings verskaf word sluit ... in.

- | | |
|----------|--|
| A | materiaal vir klere |
| B | geleenthede en keuses |
| C | gesondheidsorg, water en elektrisiteit |
| D | beurtkrag en treine |

Question 13: True/False
Transaksie:

2 marks

Voorraad wat op krediet gekoop is, is teruggestuur aan Wendy Winkels: R230.

Ons sal die betrokke transaksie as volg in die Grootboek aanteken:

- Bank Dt R230
- Voorraad KtR230

TRUE

FALSE

Question 14: True/False
Transaksie:

2 marks

Voorraad met 'n waarde van R970 via EFT is aangekoop, onderhewig aan 'n 10% kontantafslag.


Ons sal die betrokke transaksie as volg in die Grootboek aanteken:

- Bank Kt R970
- Voorraad Dt R970

TRUE

FALSE

This image refers to question: 15



Question 15: Multiple Choice

4 marks

Bestudeer die skets van 'n ekonomiese kringloopmodel in 'n geslote ekonomie noukeurig.

Verskaf die korrekte etiket vir **A**.

- | | |
|----------|-------------------------|
| A | Firmas |
| B | Verbruikers |
| C | Goedere- en dienstemark |
| D | Buitelandse sektor |

Total: 45 Marks